

**29 Maart 2020**

**Bybelstudie NG Kerk Lambton-Germiston**

**Teks: Esegïel 37:1-14**

**Inleiding:**

Dis 'n snaakse gevoel om nie uit die huis te mag gaan nie, dit voel skoon asof jy nie meer beheer het oor jou eie lewe nie. Die doel van vandag se Bybelstudie is dat ons nie hoop sal verloor in God of mekaar nie, maar dat ons eerder sal bewus word daarvan dat God ons raaksien daar waar ons in ons huise sit en dat ons kan vertrou dat Hy waarlik die God oor alle dinge is.

Alles in die Bybelstudie hoef nie gebruik te word nie, bv. Die geloofsbelydenis kan slegs deur die voorganger gelees word, dit kan deur die groep saam gelees word of sou die voorganger so besluit kan dit helemaal uitgelaat word. Ek voeg weereens die geloof gewoontes by wat ek verlede week ook in die Bybelstudie geplaas het, aangesien ek glo dis nou, meer as ooit belangrik om hierdie gewoontes te kweek.

**Liturgiese aspekte om te onthou:**

Ons Lydenstyd reis deur hoogtepunte uit die Ou Testament bring ons by die opwinding van die werk van die Gees van God. Die Gees is die krag van God wat doodsbeendere laat verrys (Eseg 37). Wie dus in donkerte kan bly sing: "Ek wag op die Here wat altyd vergewe" (Ps 130) en die Een wat Lasarus uit die graf terugroep (Joh 11). Die reis wat ons met Jesus op sy kruisweg lei, bevestig in ons harte dat niemand sonder die Gees van God waarlik leef nie. Die liturgie roep ons tot dieper vertrou in die lewegewende krag van God.

**Geloofsbelydenis:**

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo.

Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.

Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God.

Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding ...en volharding kweek egtheid van geloof ...en egtheid van geloof kweek hoop ...

en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het (uit Rom 5:1-5).

## Ek sal julle terugbring

1 Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en neergesit binne-in 'n laagte. Die laagte was vol bene.

2 Die Here het my om die bene laat loop, en ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog.

3 Toe vra Hy vir my: "Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?"

Ek het geantwoord: "Nee, dit weet net U, Here my God."

4 Hy sê toe vir my: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene!"

5 So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe:

6 Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is."

7 Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is, en terwyl ek dit doen, hoor ek 'n gedreun: die bene het na mekaar toe beweeg, elkeen na die been toe wat by hom pas.

8 Terwyl ek kyk, kom daar senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie.

9 Toe sê die Here vir my: "Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe."

10 Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het, en toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Dit was 'n baie groot menigte.

11 Die Here het vir my gesê: "Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: 'Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons.'

12 Tree op as profeet, sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek sal julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe.

13 Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is.

14 Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.

Hierdie teks word in die Joodse liturgiese jaar gewoonlik op die Sabbat in die week wat Paasfees voorafgaan, gelees. Die bedoeling daarmee is om hoop op nuwe lewe en herstel te versterk en die vertrouwe in YHWH te vernuwe, asook om die volk hulle identiteit as volk van die Here in te prent.

### **Interessantheide in die Teks**

Ons teks bevat twee gedeeltes wat met mekaar verband hou. Vers 1 tot 10 vertel van 'n droom wat die skrywer gehad het. Vers 11 tot 14 bied 'n verklaring daarvan.

In vers 1-2 verwys die vallei heel waarskynlik na die Tigris-Eufraat-vallei, en die bene na Israel wat in ballingskap onder die Babiloniërs verkeer. Esegïël se visioen is die profeet se respons op die hopeloosheid wat Israel in hulle situasie ervaar. Die volk is afgesny van hulle land, hulle tempel en, na aanleiding van hulle wêreld- en identiteitsbeskouing, ook hulle God. Die volk gebruik 'n idioom eie aan die tyd om hulle toestand uit te druk: “Ons bene is opgedroog.” Dat dit “baie droog” is, beklemtoon die diepte van hulle ellende. Die profeet se antwoord hierop is 'n droom oor 'n vallei vol opgedroogte bene.

Vers 3 vra of daar nog hoop is. Kan daar lewe kom uit doodsbeendere? Menslik gesproke is daar nié hoop nie. Esegïël se antwoord verwoord sy medelandgenote se oortuiging en gevoel: “U weet Here ...”. Hierdie uitdrukking van moedeloosheid dra iets oor van die mentaliteit dat daar géén hoop is nie, dat dit vir Israel voel asof hulle lewe verby is. Hulle is dood en uitgedroog. Daar is géén lewe in hulle oor nie. Hier is egter ook 'n ontugtering dat Gód – wat hulle en hulle toestand kén – iets daaraan kan verander.

Vers 4-6 handel oor die opdrag wat Esegïël kry om die Woord van die Here aan die beendere te verkondig. Daar word in besondere detail beskryf hoe God die bene sal heg en met vlees bedek, en hoe God se asem hulle weer sal laat leef.

In vers 7-8 gehoorsaam Esegïël die opdrag. Hy word die getuie van hoe die beendere wat dood was, lewend word. Vers 9-10 vloei uit vers 7-8 voort. Die herleefde bene het nog nie die gees in hulle (gehad) nie. Wanneer die gees in hulle kom, leef hulle én kan hulle regop staan.

Die uitleg van die droom volg in vers 11-14. Die doodsbeendere is die moedelse volk Israel wat hulleself in ballingskap bevind. Die boodskap aan hulle is duidelik: God gaan hulle herstel en hulle sal na hulle land terugkeer. God doen dit, sê die skrywer, sodat almal kan erken dat Hy – YHWH – God is. Vers 14 is 'n viering van die vervulling van God se belofte. Teenoor Israel se volslae hooploosheid, staan YHWH se beloftes van herstel. Die verklaring van die visioen sluit nou aan by 36:27-28 waar die Here belooft dat Hy weer sy Gees in sy volk sal plaas. Hy belowe dat hulle weer in hulle land sal woon. Israel sal weer die geleentheid gegun word om as God se verbondsvolk te leef in die land wat God aan hulle belowe het.

## Konteks

Esegiël was die seun van 'n priester en het in Babilonië saam met ander ballinge naby die Kebar rivier in 'n gemeenskap, bekend as Tel-Abib, gewoon (sien Eseg 1:1; 3:10-15, 22-23; 37:1). Hy het sy roeping as profeet in Babel ontvang. Hy word die eerste profeet wat vanuit die ballingskap sy boodskap verkondig en daarin opgetree het, vanaf die vyfde jaar in die ballingskap (597 tot 572vC). Die begin van sy optrede het saamgeval met die afsluiting van Jeremia se bedieningstyd. Alhoewel die boek Esegiël nooit die naam Jeremia vermeld nie, is daar genoeg gegewens wat daarop dui dat hy bekend was met die werk van dié profeet.

Die boek word kronologies ooreenkomstig die gebeure vanaf 597 vC georden.

Esegiël 33 is die skeiding van die boek. Hoofstuk 1-24 bevat uitsprake van oordeel teen Juda vóór die val van Jerusalem in 586 vC. Hoofstuk 25-32 bevat uitsprake teen die nasies. Vanaf hoofstuk 34 is 'n aantal gedeeltes wat 'n beskrywing van die herstel van die volk en hulle terugkeer na die beloofde land saambundel. Die boek sluit af met 'n gesig van die Here se terugkeer en die herstel van die tempel, die land en die volk. Hoofstuk 43 beskryf die terugkeer van die heerlijkheid van die Here. Die herstel van die land bereik 'n hoogtepunt in hoofstuk 47 waar die profeet sien dat 'n bietjie water onder die drumpel van die tempel uitvloei en 'n rivier word wat na die Dooie See toe stroom.

Dié bundel vertoon dieselfde kenmerke as dié van 'n kollektiewe klaagpsalm (sien byvoorbeeld Ps 31:10; 102:3). Verder eggo dit baie van die skeppings- en Eksodustradisie. Dit gaan hier oor die herskepping en tot lewe kom van hopelose mense wat vernuwe word. Die belydenis dat YHWH God is (v. 6, 13,14) is betekenisvol. YHWH sien die Israëliete in hulle nood aan, Hy het empatie met hulle en doen iets daaraan. Uit YHWH se optrede, vloei herskepping, nuwe lewe en 'n nuwe toekoms voort, sowel as die belydenis dat YHWH God is.

Ná vers 14 word die droom verder vertolk. Die water uit die oostekant simboliseer dat dieselfde God wat in die verlede met hulle was, ook hiér en nou aan die werk is. Die water loop regs uit, suid van die altaar.

In hierdie simboliese konteks was die suide die kant van redding, en regs God se sterk hand. By die noord poort word die water uitgelei. Die noorde was simbolies van bedreiging. Nou gaan daar óók bevryding kom, net soos wat in die verlede in die suide gebeur het. Die weste (toekoms) word nie vermeld nie, want God is nou met ons en God handel nou met ons, nie eers in die toekoms nie.

Alhoewel die volk Israel in die teks in die fokus is, gaan dit eintlik oor God, en spesifiek God as Gees. Die Gees van God figureer prominent regdeur die gedeelte (vv 1,5,6,8,9,10,14). Dit is die Gees van God wat Israel se lewe herstel. Die Hebreeuse woord ruach kan gees, wind of asem beteken. Dit is God se Gees wat vir Esegiël die doodsbeendere wys (v 1). Asem is vir die doodsbeendere nodig om te (her)leef (v 6). Wanneer die Gees soos wind oor die beendere waai (v 10), kry hulle asem en begin hulle lewe.

Die Here is mét die Israeliete, sê Esegïël vir sy mense, al is hulle elders in ballingskap, sonder die land, die stad, die koning of die tempel. Vir die destydse hoorders was dit 'n verrassende boodskap, 'n kragtige boodskap van hoop. Hoop is om in 'n verhouding te staan – om verbind te wees, om aan mekaar en hulle Here verbonde te wees. Esegïël preek dat die Here sy verbintenis met sy volk in die vreemde bevestig. Die Here is en bly aan sy mense verbonde. Hy roep ook in die vreemde – buite die grense van die beloofde land en in ballingskap – mense tot profete om sy boodskap aan sy volk te bring.

### **Vrae vir bespreking:**

1. Soos die Israeliete in ballingskap geneem is voel ons dalk ook so bietjie ons is tans in ballingskap, ons “normale” lewe en gewoontes word nou beperk deurdat ons tot ons huise beperk is. Hoe voel jy oor die kwarantyn waarin ons onself vind?

(Vir die voorganger: Bespreek bietjie met mekaar hoe jy voel waar jy nou is, oorweldig vrees jou? Is jy dalk gefrustreerd? Mis jy die mense wat jy gewoonlik gesien het, of dalk selfs jou werk?)

2. Esegïël en die Israeliete ervaar 'n ontnugtering wanneer hulle besef dat God hulle ellende in vers 3 raaksien. Ervaar jy dat daar waar jy vra vir God of daar nog hoop is dat God by jou is en jou raaksien?

(Vir die voorganger: Bespreek die idee dat die Here by ons is waar okal ons gaan, veral wanneer ons op die punt kom waar ons soos Esegïël sê: Net U weet Here. Is dit dalk waar ons, ons vrede ontvang, deur oor te gee aan God, want ons weet, Hy weet)

3. In verse 7-8 sien ons dat Esegïël word getuie tot die lewegewende Gees van God, waar sien ons die Gees van God wat besig is in ons huidige omstandighede?

(Vir die voorganger: Voorbeelde kan wees in ons huisgesin, families wat nou tyd maak vir mekaar en nader kom aan mekaar. Mense wat in liefde nou mekaar bedien, dink maar aan die hoeveelheid mense wat in mediese sorg tans werk, of ander wat vir mense wat hoë risiko is, gaan kruideniers koop. Die wêreld wat eintlik in samewerking is tans)

4. Daar is tans baie tekste in die omgang, waarvan hierdie teks ook deel vorm, wat gebruik word as tekste van toekoms voorspelling, sal jy sê die fokus van hierdie teks is 'n toekoms voorspelling oor wat gaan kom, of het hierdie teks 'n ander doel?

(Vir die voorganger: Die doel van hierdie teks is nie om die toekoms van Israel te voorspel nie, maar eerder om vir mense hoop te gee, want God het nie net beheer oor die lewe nie, maar ook oor die dood, God is die almagtige God en selfs wanneer ons met die dood gekonfronteer word, soos ons tans ervaar, (veral na die eerste dood hierdie week) weet ons dat God is by ons, in die lewe en die dood. Bespreek bietjie of ons die toekoms moet vrees of nie?)

5. Vir die hoorders van Esegïel se boodskap het hoop daarvoor gegaan, dat God aan sy mense verbind bly, selfs in die vreemde, in 'n ander land, waarin vind jy tans hoop?

(Vir die voorganger: Is dit dalk ook in die verlede? Is dit in familie en vriende? As jy alleen is by die huis, vind jy dalk jou hoop in die wete dat ons kerk n familie is en al kan ons nie nou by jou wees nie, weet ons is lief vir jou)

Ek moedig julle ook aan om julle eie vrae op te stel en dit te deel met ons op ons Facebook bladsy waar hierdie Bybelstudie ge "post" is.

Gebed: Hemelse Vader, daar waar ons verlore voel in ons huidige omstandighede en ons dalk self voel asof daar nie hoop is nie, daar waar ons net doodsbeendere sien, mag ons weet dat U is in beheer en dat U teenwoordig is. Mag ons op U bly vertrou en mag ons hoop op U wat die lewegewende God is. Amen

**'n Seën wat ons oor mekaar kan uitspreek:**

Mag God jou seën tot ons mekaar weer kan omhels!

**Geloof dissiplines wat mense kan help in 'n tyd soos hierdie (wat ook lydenstyd is).**

1. Afsondering [solitude] i.p.v. isolasie – help mense om dié geloof dissipline te herontdek. Jesus het gereeld na 'n plek toe gegaan om alleen te wees.
2. Vas i.p.v. opgaar – dit is 'n ideale tyd om ons verbruik te evalueer en doelbewus te verminder en van sekere kosse en items te vas.
3. Gebed – Bid vir ons families, ons land en ons dienste soos mediese sorg.
4. Stilte – dis 'n tyd waar ons almal angstig wag, vir nuus en vir mediese oplossings, help mense om die wag ook te verstaan as 'n wag op die Here waar ons, ons vertrou op hom plaas.
5. Sang – musiek is in hierdie tyd ook 'n vorm van gebed en troos en terapie. Bv. soek op platforms soos YouTube, Spotify, Deezer ens 'n mooi weergawe van 'n bekende loflied en sing saam dit.
6. Offervaardigheid – dis so belangrik om te verstaan dat ons almal ekonomies swaarder kry. Dis nou die tyd om 'n mededeelsame ekonomie te help groei. Daag mense om weekliks by te dra vir mense of sake wat geraak is deur die pandemie.
7. Hoop – leef daagliks opnuut vanuit die hoop in Christus. Hoop dissiplineer jou om nie paniekerig of afsydig teenoor die nood te staan nie.
8. Verantwoordelikheid – neem verantwoordelikheid in hoe jy dag tot dag met ander omgaan,